

# FAKULTEIT KRYGSKUNDE

*Prof Edna van Harte*
*Dekaan: Fakulteit Krygskunde*

Die Fakulteit Krygskunde is onderhorig aan twee gesagsliggame – die Universiteit Stellenbosch en die Departement van Verdediging. Aangesien hulle albei verplig is om voortdurend-veranderende omgewings te hanteer, word ons Fakulteit, in die lewering van professionele militêre opleiding, desgelyks ernstig geraak deur die veranderingsbestuur en transformasie-aktiwiteite verbonde aan ons kernbesigheid.

Ons werk graag met ons medefakulteite saam. Die oogmerke wat ons in gedagte het vir sulke multidissiplinêre werk is om by te dra tot die bou en bestuur van kennis; om goeie staatsbestuur en leierskap te bevorder; om resultaatgebaseerde, samewerkende reëlings vir die sekuriteitsektor van die kontinent te bevorder en te help onderhou; en om Afrika-wye leierskapsopleiding van hoë gehalte te verskaf.

Ons Fakulteit dra tot die Universiteit se HOOP Projek by deur die Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA @ Stellenbosch). Ons onderskryf in die besonder twee ontwikkelingstemas uit die HOOP Projek, naamlik die bevordering van demokrasie en die bevordering van vrede en veiligheid.

Die Waarnemende Direkteur van SIGLA @ Stellenbosch was ltgenl (gep.) LM Fisher, wat 'n deurslaggewende rol gespeel het om vir die Universiteit en vir die fakulteite wat by SIGLA @ Stellenbosch betrokke is, deure in Afrika oop te maak. Die bestuurskomitee het pogings om vir SIGLA @ Stellenbosch 'n nuwe direkteur aan te stel gefinaliseer, wat die Fakulteit in staat sal stel om 'n groter rol in die HOOP Projek te speel. Deur gemeenskapsinteraksie het ons met Kenia 'n waterprojek-samewerkingsooreenkoms aangegaan.

Ons residensiële studente is almal soldate van die Departement van Verdediging wie se primêre rol vredebewaringswerksaamhede op die Afrika-kontinent is. Ons is dus, as deel van ons kernaktiwiteite, altyd betrokke by die bevordering van vrede. 'n Groot aantal jong mense kry deur middel van die Weermag toegang tot tersiêre opvoeding, en ons dra dus by tot die uitwissing van armoede deur opvoeding, opleiding en ontwikkeling. Omdat ons die toekomstige leiers van die Departement van Verdediging oplei, berei ons kernbesigheid die Fakulteit en ons studente ten beste voor om tot die HOOP Projek by te dra.

Die fokus op die bou van navorsingskapasiteit oor die afgelope paar jaar was suksesvol, aangesien ons in 2010 'n verhoging in ons navorsingsuitset ondervind het. Ons berig met trots oor ons nuwe NNS C1-geëvalueerde wetenskaplike, ltkol (prof) Ian van den Waag van die Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie. Twee junior fakulteitslede het hul meestersgrade voltooi – me Marianne Roos in Ouditkunde en kapt Abednigo Themba in Bedryfsielkunde.

Ons het inisiatiewe van stapel laat loop om die navorsings-kapasiteit van ons nagraadse studente te versterk. Twee van ons nagraadse studente verbonde aan die Skool vir Wetenskap en Tegnologie het met Russiese wetenskaplikes saamgewerk op die vakgebied van kernfisika. Ander het onafhanklik of in samewerking met hul dosente referate by nasionale en internasionale konferensies gelewer. Verskeie fakulteitslede het referate by internasionale konferensies gelewer en twee van ons akademici is tot Medeprofessor bevorder.

Ons internasionale navorsingsinteraksie bly sterk. Ons het 'n jaarlikse uitruilprogram met die Franse Departement van Verdediging waardeur hulle drie of vier kadette van die Franse Militêre Akademie by St Cyr stuur om 'n nagraadse navorsingsmodule van drie maande by ons Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie te voltooi. Ons het 'n wisselwerking met ons Roemeense vennote deur die Suid-Afrikaans-Roemeense Bilaterale Samewerkingsooreenkoms in Wetenskap en Tegnologie.

In 2010 het die Fakulteit Krygskunde gefokus op 'n verdieping van ons akademiese etos met betrekking tot onderrig en leer. By ons jaarlikse Fakulteit-werksessie is die klem geplaas op die onderrig van kwesbare studente en op pedagogiese kwessies rakende studente wat deur middel van interaktiewe telematiese onderrig studeer. 'n Tweede fokus was ons behoorlike ingesteldheid op die Departement van Verdediging om te verseker dat ons aan die vereistes van die kliënt voldoen.

Deur 'n noue werksverhouding het ons die infrastruktuur om 'n stewige grondslag vir ons Eerstejaarsakademie te lê gefinaliseer. Met die hulp van die Sentrum van Onderrig en Leer is 'n persoon deeltyds aangestel om die werksaamhede van die Akademie te koördineer en ons sien daarna uit om in 2011 'n beter deurvloeikoers van voorgraadse studente te hê.

Ons het met samesprekings oor die moontlike implementering van 'n PhD-program begin.

Ten slotte spreek ons ons waardering uit teenoor alle belanghebbers wat ons gehelp het om in 2010 ons missie uit te voer.